



Lewensoriëntering – Graad 8


Welkom by jou Conquesta Olimpiade. Wanneer jy besluit het watter van die antwoorde die korrekte een is, krap die letter op die ooreenstemmende blokkie op jou antwoordvel dood. Byvoorbeeld:- As die antwoord op vraag 4 c is, krap die letter c in die blokkie wat c langs nommer 4 bevat, dood (*sien voorbeeld 1 hieronder*). Indien 'n leerder 'n fout maak en eerder b as die antwoord wil merk, moet c netjies doodgetrek word en b gemerk word (*sien voorbeeld 2 hieronder*).

Voorbeeld 1:-

4.	a	b	c	d
----	---	---	--------------	---

Voorbeeld 2:-

4.	a	b	c	d
----	---	--------------	--------------	---

- Selfbeeld is die wyse waarop**
 - jy oor jouself voel en dink.
 - ander oor jou voel en dink.
 - jy ander toelaat om jou te beïnvloed.
 - jy met ander oor jouself praat.
- Verhoudings speel 'n belangrike rol om te ontwikkel tot wie ons is. Regdeur ons lewens sal ons baie verhoudings met verskillende mense hê. Sommige sal voortduur en groei, en ander sal eenvoudig verdwyn. Gesonde verhoudings is dié wat**
 - groei en ons help om te groei.
 - goeie kommunikasie, sorgsame raad en ondersteuning bied.
 - Beide (a) en (b).
 - Nie een van bostaande nie.
- Mense met realistiese persoonlikheidstipes kan**
 - brandbestryders
 - spotprenttekenaars
 - onderwysers
 - poskantoorwerkers
- Jou vermoëns en talente wat vir toekomstige sukses ontwikkel kan word, is jou**
 - selfagting.
 - volwassenheid.
 - potensiaal.
 - selfbeeld.
- is gegrond op algemene beginsels van regverdigheid en geregtigheid.**
 - Morele regte
 - Finansiële regte
 - Wetlike regte
 - Sosiale regte
- Die drie sleutels tot toepaslike gedrag in 'n verhouding is**
 - om besitlik, behereend en krities te wees.
 - om openlik te praat, al jul vryetyd saam deur te bring en te luister.
 - om ondersteunend te wees, die ander persoon te beïndruk en om wedersydse vertroue te hê.
 - om betroubaar te wees, om respek vir mekaar te hê en om te deel.
- Om probleme te hanteer is iets wat mense dikwels doen. Sommige probleme is klein, maar daar is tye wat jy gekonfronteer word met probleme wat ernstige nadenke vereis. Die eerste stap in probleemoplossing is om**
 - die probleem te identifiseer.
 - aan verskillende oplossings vir die probleem te dink.
 - te besluit wat die nagevolge van hierdie oplossings mag wees.
 - te evalueer of dit gewerk het.
- Watter denkvareidhede word verbind met 'n ondersoekende loopbaan-kategorie?**
 - Uiteenlopend.
 - Rigied.
 - Om ontledend te dink.
 - Verbeeldingryk.
- is verantwoordelik vir fisiese verandering gedurende puberteit.**
 - Seksualiteit
 - Kultuur
 - Genitalieë
 - Hormone
- Om aan te pas beteken dat jy die vermoë het om**
 - jou te kan indink hoe ander voel.
 - te verander wanneer omstandighede verander.
 - goed, positief en behulpsaam te wees.
 - verhoudings te inisieer.
- Watter instelling wat ondersteuning en sorg vir verslaafdes en hullesinne bied, word deur die embleem hieronder verteenwoordig?**

 - Narcotics Anonymous.
 - Lifeline.
 - SANRA.
 - Alkoholiste Anoniem.



12. Vermoëns wat deur ondervinding en opleiding aangeleer word, is jou

- (a) talente.
- (b) vaardighede.
- (c) uniekheid.
- (d) motivering.



13. regte word in die wet bevat en kan in 'n geregshof verdedig word.

- (a) Finansiële
- (b) Sosiale
- (c) Wetlike
- (d) Morele

14. Nuwe vaardighede wat jou persoonlike potensiaal verbreed, sluit in

- (a) lees, moeite te doen en besluitneming.
- (b) die media gebruik, jou aantal vriende te vergroot en jou portuurs naboots.
- (c) om ander te ken, doelwitstelling en jou gedrag te verander.
- (d) jouself motiveer, 'n godsdiens te hê en om jou besluite uit te voer.

15. As jy van beweging hou en beter konsentreer wanneer jy iets doen, is jou leerstyl

- (a) auditief.
- (b) visueel.
- (c) lees en skryf.
- (d) spiersintuiglik.

16. Konvensionele loopbane sluit in

- (a) Argitek, Binneversierder en Skrywer.
- (b) Besigheidseienaar, Hotelbesoerder en Reisagent.
- (c) Boekhouer, Ontvangspersoon en Datavaslegger.
- (d) Dieetkundige, Sielkundige en Onderwyser.



17. Selfbeeld is wat jy omtrent jouself verstaan. Selfbeeld kan in kategorieë ingedeel word. Watter kategorieë

- (a) persoonlik, fisies en sosiaal.
- (b) sosiale selfbeeld.
- (c) self-ideale of sielkundig.
- (d) nie bostaande.

18. Wie van die volgende is 'n voorbeeld van 'n negatiewe verhouding in sport?

- (a) Afrigter.
- (b) Ouers.
- (c) Steroïede handelaar.
- (d) Portuurs.

19. Dwelms en alkohol kan jou liggaam en organe beskadig, soos

- (a) vel, tande en keel.
- (b) jou immuunstelsel.
- (c) brein, lewer en longe.
- (d) Al bostaande.

20. Loopbaankategorieë (*werksomgewings*) word

- (a) loopbaanvelde
- (b) loopbaanneigings
- (c) loopbaanvaardighede
- (d) Nie een van bostaande nie.

21. Watter van die volgende is nie 'n prestasieverhogingsdwelms nie?

- (a) EPO.
- (b) Antibiotika.
- (c) Steroïde.
- (d) Stimulante.

22. Skoolvakke wat verband hou met die sosiale loopbaan-kategorie kan

- (a) IT, Landbou en Dramatiese Kunste
- (b) Tale, Verbruikerstudies en Toerisme
- (c) Gasvryheidstudies, Ekonomie, Aardrykskunde
- (d) Natuurwetenskap, Wiskunde en Musiek



23. Middelmisbruik word verbind met 'n verhoging in

- (a) verkragting, aggressie en goed vaar op skool.
- (b) oordeel, reaksietyd en motorongelukke.
- (c) MIV oordrag, huishoudelike geweld en dood.
- (d) misdaad, skorsing uit skool en sportbetrokkenheid.

24. Jou is dinge wat jy geniet om te doen.

- (a) talente
- (b) vaardighede
- (c) vermoëns
- (d) belangstellings

25. Watter van die volgende beïnvloed nie ons selfbeeld nie?

- (a) Realistiese doelwitte.
- (b) Familie.
- (c) Godsdiens.
- (d) Gemeenskap.

